



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 151: 13 April 2018

FRAMESBY – NET HIER WIL EK WEES!

Die era van skole wat toegelaat word om skoolgelde te het, is in die laat 1980's ingelui met die totstandkoming van Model C-skole. Hierdie tipe skole het oor die jare baie outonoom begin funksioneer en die dae van kinders wat amper outomaties na hul naaste skool gaan, was vir altyd verby. In die dae voor Model C-skole en deesdae Kwintiel 5-skole, was beurse iets waarvoor mense sou lag. Daar was net eenvoudig nie so iets nie. Vandag lyk dinge egter totaal anders.

Skole het nou verknog geraak aan slagspreuke. "Waar uitnemendheid 'n leefwyse is", "Groot waar dit saak maak, klein waar dit jou raak", "Een skool een hart", "Skool van uitnemendheid", is maar net enkele van die slagspreuke waarmee skole hulself verbind en daarmee die boodskap uitstuur dat 'n leerder *hier*, en *nét* hier, regtig tot 'n superwese sal ontwikkel! Die boodskap is eenvoudig: "Ons is die plek vir die kind wat sukses wil behaal, vir die room van die gemeenskap. Vergeet om by enige ander skool deel van die elite te wees!"

Framesby vertoon ook graag 'n paar slagspreuke. Op ons briefhoofde en die muur in Cornelialaan stel ons dit duidelik: "Waar potensiaal verwesenlik word" en op die hokkietelbord staan daar "Tuiste van weners". Sterk taal! Dis die probleem met slagspreuke. Jy kan maklik met die eier in jou gesig sit!

Tog is Framesby 'n plek waar elke leerder die geleentheid het om te ontwikkel tot sy of haar volle potensiaal en waar leerders die geleentheid het om werklik tot weners in die lewe te ontwikkel. Ons presteer soms uitstekend en soms nie so goed nie, maar hier is ons gewone mense met *regte* harte en *regte* foute. Hier is ons gelukkig, en hier gee ons om. En juis daarom gee ons nie sommer op nie.

Laat hulle maar soek na wat hulle dink die "beste" kinders is. Laat hulle maar hulle eie beeld poets en ouers "mesmerize" met praatjies van uitnemendheid en top-prestasies. Die beste mense is klaar net hier by ons, want hier is ons genuïene! En dan presteer ons leerders dikwels ongelooflik! En dan slaag ons matrieks sommer almal!

Nee wat, gee my Framesby. Dis genoeg vir my. Gaan vra maar die duisende oud-leerders wat deur hierdie skool is. Die beste jare van hul lewe was in hierdie spesiale plek. Daar waar ons soms lelik kleitrap en dan weer regmaak, waar ons darem vir onself kan lag, waar ons kan tuis voel, want die hart is reg. Hier waar die ou wat sukkel nie altyd hoef te voel hy is nie tuis nie.

Sonder dat enigiemand dit al ooit probeer afrig of onderrig het, is hier onder die Framesby familie 'n stille onderliggende gees van vasberadenheid en trots vaardig wat elke nou en dan, wanneer die chips op die tafel is, na bo uitborrel en ons aanspoor tot die bykans onmoontlike. En DIS waarom hierdie my plek is. Waarom die beste mense hier is, en nie daar nie!

"Weer so, Framesby!"

Onthou!
FOV is oop
Vrydagaande
Kom maak 'n draai,
koop iets te ete en kuier
gesellig saam.

Junior Oueraand
Donderdag 19
April
Begin - 18:30 - Skoolsaal

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Erna de Villiers, 8A
Cassandra Joubert, 10A

Sondag
Cleandri Stoltz, 8G
Carmen Strick, 8B
Dirk van Tonder, 9F

Maandag
Ronald van Niekerk, 10F

Dinsdag
Mieke Krüger, 9B
Amor Oosthuizen, 8E
Jessica Rainier, 12C
Zahn Scholtz, 9E
Divan Theron, 11F

Woensdag
Marlese Botha, 11E
Alec van der Berg, 11F
Bradley van der Berg, 11F

Donderdag
Juandré Nel, 11B

Vrydag
Chanté de Lange, 8C

FRAMESBY IS TROTS OP ...

FRAMESBY-ATLETE OP HUL STUKKE BY DIE SA'S



Ons medaljewenners: Karla Scheffer, Wehan Smith, De-Leon Strydom en Björn Ferreifa

Tydens die vakansie het die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe vir beide atletiek en tweekamp plaasgevind en 'n klomp van ons atlete was by hierdie geleentheid teenwoordig. Die tweekamp-kampioenskappe het in Pretoria plaasgevind en die dun lug het ons atlete bietjie laat les opsê. Twee van ons atlete, Karla Scheffer (D O/17) en Wehan Smith (S O/15) het onderskeidelik die silwer- en bronsmedalje verower.

Die ASA Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe het in die Paarl plaasgevind en by hierdie kampioenskappe was die kompetisie besonder sterk en kon nie een van ons atlete 'n individuele medalje verower nie. Nogtans het 'n paar uitstekend gevaar en finale rondtes gehaal. Björn Ferreira het die bronsmedalje net-net misgeloop toe hy, met sy beste tyd ooit, die vierde plek in die 1500m Seuns O/17 behaal het. Tiaan Erskine was ook skitterend en het 'n 7de plek in die hamergooi vir Seuns O/17 verower. Vicky Oelofse was 8ste in die 1500m vir Dogters O/18.

Die beste prestasie is egter deur Björn Ferreira en De-Leon Strydom behaal toe hulle, as deel van die OP Seuns O/17 4 x 400 aflosspan die bronsmedalje verower het. Baie geluk aan al ons atlete! Geniet die rus tydens die winter, alhoewel ons almal weet die landloopseisoen gaan julle besig hou!

FRUK MAAK VIR 23 JAAR NOG STEEDS SO!

Hoërskool Framesby se Raad vir Uitvoerende Kunste (FRUK) neem al die afgelope 23 jaar aan die Tienertoneel kompetisie deel! Hierdie kompetisie vereis dat die akteur/aktrise 'n prosastuk en gedig moet voordra. Slegs 60 leerders word dan gekies om sake in die finaal uit te spook.

Aanvanklik is die kompetisie deur Woutrine Theron gedryf met die hulp van DALRO. Deesdae is dit Herman van der Westhuizen van Hoërskool Bellville en KYKnet wat 'n platform vir die land se jong akteurs en aktrises skep.

Van die ontstaan van hierdie kompetisie het die Hoërskool Framesby leerders in die finaal. Van hierdie leerders het al selfs onder die top 8 tiener akteur/ises hul plek ingeneem. Vanjaar is dan geen uitsondering nie. Ruan Reinhardt, Ingebörg Jordaan en Nolene Spinks verteenwoordig ons skool in die Kunste Kaap teater te Kaapstad.



Ingebörg, Ruan en Noelene

PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

Saterdag 14 April	Sondag 15 April	Maandag 16 April	Dinsdag 17 April	Woensdag 18 April	Donderdag 19 April	Vrydag 20 April
Sport: Rugby, Hokkie, Netbal vs Pearson (Weg)		Dag 6	Dag 7 Bekendstellings-aand ATKV Redenaars Rondte 1	Dag 8 Hokkie (D) DF Malherbe Netbal Metro proewe ATKV Redenaars	Dag 9 Oueraand Gr 8 & 9 (18:30) ATKV Redenaars	Dag 10 Golf (DP)

ONS SPORTSPANNE BLINK BY VAKANSIETOERNOOIE

Vir etlike jare reeds neem van ons sportspanne elke jaar deel aan vakansietoernooie tydens die April-vakansie. Ons dogtershokkie is al 'n instelling by die Union High-fees en ons junior rugbyspanne neem vir baie jare deel aan die Paarl-toernooie. Ons eerste rugbyspan is besonder bevoorreg om reeds vir 6 jaar deel te kon wees van die Kearsney College Easter Festival. Vanjaar is ons netbalspanne vir die eerste keer na die Waterkloof-toernooi uitgenooi, terwyl ons seunshokkiespan aan die Oakhill-toernooi op Knysna deelgeneem het.

Die dogtershokkie het twee van hul vyf wedstryde, teen Victoria Girls High en Grens gewen, maar ongelukkig teen Union High, Cambridge en Stirling vasgeval. Die meisies het egter ongelooflike veggees getoon en hul heel beste vir laaste gehou teen die sterk span van Stirling. Alhoewel hulle verloor het, het die gehalte van hul spel in hierdie wedstryd getoon dat hierdie span van krag tot krag kan gaan hierdie seisoen. Baie geluk en sterkte met die seisoen! Ons seunshokkiespan het by die Oakhill-toernooi gespeel teen spanne wat in die Wes-Kaapse premierliga meeding. Alhoewel hulle al hul wedstryde verloor het, het hulle nooit opgegee nie. In hul wedstryd teen Stellenberg is Nico Nell aangewys as die waardevolste speler, al het ons 0 – 3 verloor. Ons seuns het baie beïndruk met hul uitstekende sportmangees en veggees. Mooi manne! Sterkte vir die seisoen.

Ons netbalspanne het uitstekend gevaar by die Waterkloof-toernooi. Ongeveer 1300 speelsters, O/14 tot O/18 is by hierdie toernooi saamgetrek en al die top-skole was teenwoordig. Ons meisies het groot naam gemaak en Framesby gaan beslis 'n instelling raak by hierdie toernooi! Ons O/14's het 12 wedstryde gespeel, waarvan hulle 8 gewen het, drie verloor en een gelykop gespeel het. Die O/16's het werklik geskitter en 10 van hul 12 wedstryde gewen. In die proses het hulle met die gerekende Bloemhof van Stellenbosch afgereken! Die eerstespan het ook uitstekend gevaar deur 7 van hul 11 wedstryde te wen. Baie geluk aan al ons spanne. Mag julle groot inspirasie put uit julle vertonings en die blootstelling wat julle by hierdie toernooi gekry het. Ons sien uit na 'n GROOT seisoen.

Op die rugbyveld het ons manne hulle ook goed van hul taak gekwyt en baie goeie spel is opgelewer. Die kompetisie is baie sterk by al die toernooie. Ons O/14's het hul eerste twee wedstryde goed gewen, maar in die laaste wedstryd hulle vasgeloop teen 'n skitterende Grey Kollege. Die O/16's het hul eerste wedstryd uitstekend gespeel teen Monument en was ongelukkig om te verloor. Hulle het hul tweede wedstryd maklik gewen, maar ook ongelukkig vasgeval teen Grey Kollege. Ons O/15 het swaar getrek en al drie hul wedstryde verloor. Hulle het egter nooit opgegee nie en ons naam hoog gehou. Die eerste rugbyspan was vanjaar die groot uitblinkers en het vir die eerste keer al drie hul wedstryde gewen. In die eerste wedstryd het hulle Dale College geklop en in die tweede wedstryd in baie moeilike omstandighede vir Pretoria Boys High naelskraap geklop. In die laaste wedstryd het hulle uitstekend gespeel en Noord-Kaap van Kimberley goed op hul neuse laat kyk! Baie geluk aan al ons rugbyspelers. Daar is geen rede waarom Framesby nie vanjaar in die plaaslike liga sy stem baie dik kan maak nie!

Baie dankie aan al ons sportmanne en -vroue wat baie moes opoffer om tydens die vakansie die skool te verteenwoordig. Ons is BAIE trots op julle almal en dankie dat julle sulke goeie ambassadeurs vir ons skool is.

SPORTPROGRAM MORE TEEN PEARSON

RUGBY

TYD	Strydom-veld	TYD	Smith-veld
08:30	3de	08:30	O/16B
09:40	O/14A	09:40	O/15B
10:45	O/15A	10:45	4de
11:50	O/16A	11:50	O/14B
13:00	2de		
14:30	1ste		

DOGTERSHOKKIE

TYD	Astro
07:00	O/16C
08:15	3de
09:30	O/16B
10:45	2de
12:00	O/16A
13:15	1ste

NETBAL

TYD	Dubbelbaan (Hoek)	Dubbelbaan (Klubhuis)	Hoofbaan
09:00	O/16C	O/16B	O/14A
09:40	O/16C	O/14B	O/16A
10:20	O/14C	O/18C	O/18B
11:00	O/14D	O/18D	O/18A
11:40	O/16E	O/18E	

ALGEMEEN EN KOS VIR DIE SIËL

DIE EEN DING WAT TEL

Nie alles in ons lewe is altyd ewe belangrik nie. Daar is meestal één bepaalde ding wat in 'n gegewe situasie die ding is wat tel en waarop alles min of meer aankom. Die sukses of mislukking van ons lewe hang af daarvan of ons bereid is om die één ding te doen wat op 'n bepaalde moment van ons gevra word.

God het op 'n bepaalde dag van Abraham verwag om sy seun Isak te gaan offer op die berg Moria. Dit was 'n ongehoorde opdrag wat tot Abraham gekom het. Hy kon miskien geredeneer het dat daar tog so baie ander dinge is wat God van hom kan vra en wat hy graag sou wou doen. Hy was 'n man van veel gebed, 'n man van gasvryheid, van opregtheid, van gehoorsaamheid. Hy het met God gewandel. Was dit alles nie genoeg nie? En as God nog meer van die soort dinge van hom sou vra, sou hy bereid wees om dit te doen.

Maar God vra op daardie moment nie al die ander dinge nie. Hy weet dat Abraham al die ander dinge gedoen het en nog meer sal wil doen. Maar Hy weet óók dat Hy Abraham se geloof alleen dan werklik kan toets as Hy van hom die een ding vra wat Abraham menslik gesproke nie kan doen nie. Hy vra van Abraham gehoorsaamheid op die een punt waarvan Abraham weet dat gehoorsaamheid alleen moontlik is as 'n mens jouself volkome prysgee en in die hande van God val wat beter weet as ons. Dit is die een ding wat nodig is. Jesus het eenmaal aan Martha gesê dat sy oor baie dinge besorg is, maar dat daar maar een ding is wat nodig is. Dit is opmerklik dat daar nie in die Evangelie staan wat die een ding is wat nodig is nie. Dit is goed so, want dit kan vir ons 'n aanduiding daarvan wees dat die een ding wat op 'n bepaalde moment tel, nie altyd dieselfde is nie. God vra nie van alle mense dieselfde nie. Ons is in 'n ander posisie as Abraham en God vra van ons waarskynlik gehoorsaamheid op 'n ander manier as van Abraham. Maar dat Hy elke dag van ons die een ding vra wat vir daardie dag werklik nodig is, staan soos 'n paal bo water. Hy vra nie vandag wat Hy gister gevra het nie, en Hy sal more nie weer vra wat Hy vandag gevra het nie. Maar die een ding wat tel, is wat God vandag van my vra. Soos God met ons op weg is, lei die Gees ons tot insigte in nuwe dinge wat van ons gevra word, maar wat almal daarop gemik is om te toets hoe diep ons liefde en geloof lê en of ons God werklik vertrou. Jesus het van die man met die verdorde handjie net een ding gevra, en dit was om die onmoontlike ding te doen: om sy verdorde hand uit te steek. Nie die gesonde hand nie. Maar die verdorde een.

Wat sou God tog vandag van u vra? Wat is die een ding waarop dit vandag in u lewe aankom?


Uit *Die Burger*, 21 Augustus 1981

MISCHKA LAAT DIE SPEKE SING OP DIE BAAN!

Ons het teen hierdie tyd al gewoon geraak daaraan dat Mischka Strydom nie speel wanneer sy op 'n fiets klim nie en dat sy telkens uitstekend presteer. Tydens die vakansie het sy deelgeneem aan die Nasionale Jeug-, Junior en Meesters-baanfietsry-kompetisie wat op die Westbourne Oval in Port Elizabeth plaasgevind het.

Mischka het deelgeneem aan die 500m-tydtoets, die 3000m "Scratch", die 1000m "Scratch", die 2000m individuele agtervolging, asook die 3000m "Scratch" en in almal goue medaljes verower:

Dis uitstekend Mischka! Baie geluk.



ZANDER SOOS 'N VIS IN DIE WATER!

Zander van Rooyen, een van ons kranige swemmers het in die afgelope vakansie deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Vlak 3-streekskampioenskappe vir ouderdomsgroepe. Die byeenkoms is in Kaapstad gehou en al die beste swemmers in Suid-Afrika was daar teenwoordig,

Zander het skitterend gevaar deur vir 7 items te kwalifiseer en in elk van hierdie items die finaal gehaal. In die proses het hy verskeie persoonlike beste-tye behaal.

Dit was egter nie al nie. Hy het in drie items medaljes verower en nie sommerso nie! In die 200m Vryslag, sowel as in die 200m Individuele Medley het hy 'n goue medalje verower, terwyl hy in die 100m Vryslag die silwermedalje verwerf het. Dis uitstekend Zander! Ons is baie trots op jou en glo dat jy van krag tot krag sal gaan.